
KONINKRYKSTYD
30 AUGUSTUS 2026

Ned. Geref. Kerk
WELLINGTON-NOORD





# NOORDNUUS

- **Erediens** **09:30 | Kerkgebou**
- **Predikant** **Ds. Francois Human**
- **Orrelis** **Johann Enslin**
- **Deuroffer** **Bediening van Dowes**
- **Digidiens** **Ds. Lisa van der Merwe**

## KINDERS | JEUG

**Voorskool tot Graad 3** deel in kindermoment tydens erediens en gaan dan saal toe. U kan dan weer u kind na die erediens by die kerksaal kry. Die **Graad 4 tot 10 leerders** gaan saal toe vir hul ontmoetings na afloop van die erediens. **Belydenisgroep** net na erediens in konsistorie.

## Algemene Inligting

MacCronestraat 11 - Wellington - 7655
021 873 2763 I info@wellingtonnoord.co.za

Bankbesonderhede: ABSA | Wellington | 430 580 019
**Kantoorure** | **Skriba** | Maandag - Vrydag | 8:30 - 12:30
**Gemeentebestuurder** | Maandag - Donderdag | 7:30 - 15:30
Vrydag | 7:30 - 14:30

zapper
The rewarding way to pay

www.wellingtonnoord.co.za


7dae
'n egte plattelandse
BASAAR
WELLINGTON-NOORD
5 SEPTEMBER 2026
Ned. Geref. Kerk
Wellington-Noord
Geloofsgemeenskap

# VERJAARSDAE | AUGUSTUS/SEPTEMBER

29 Beatrie King | Estelle Kellerman | Christiaan Malan | Marinet vd Spuy
30 Irma Bothma | Nico Geldehuis | Abia Human | Katryn van Wyk
31 Thandi Buckle | Nieka Coetzee | May van Heerden
01 Minnie Britz | Maans le Roux | Mariette Theron
02 Annalie Grobbelaar | Hannie Rossouw
03 Lise Verhagen

## BAIE WELKOM




Baie hartlik welkom aan Koenie en Mariette Strümpher van die NG Kerk Retief!

Ons is baie bly en dankbaar om julle as deel van ons gemeente en geloofsfamilie te verwelkom. Mag julle sommer gou tuis voel en ervaar dat julle met ope arms ontvang word. Ons hoop dat julle hier nuwe vriendskappe sal bou, saam met ons sal groei in geloof en deel sal hê aan die liefde, omgee en vreugde van ons gemeente.

Ons sien uit daarna om julle beter te leer ken, saam met julle te aanbid en mekaar in die geloof te ondersteun. Mag hierdie nuwe hoofstuk in julle lewe gevul wees met seën, vrede en baie mooi herinneringe.

Koenie en Mariette, julle is baie welkom by ons gemeente – ons is verheug om julle hier te hê!

## Ons leer

Wil jy groei in jou geloof?

### Woordskool

Dis informeel, gemaklik en almal is welkom.

1 September 2026: 18:30
2 September 2026: 09:30

Ons reis weer hierdie jaar saam met die 40 DAE tydens Woordskool. Enige persoon kan kom inskakel is welkom vir hierdie 6 byeenkomste (elke week 1).



# Deuroffers vir Dienste aan Dowes

**DOWE- EN HORENDE GEMEENTES VERSKIL:**

*Lidmate is Doof met 'n unieke Dowe kultuur wat totaal verskil van die horende kultuur;
*Gemeentes is ware missionale gemeentes;
*Lidmate bestaan hoofsaaklik uit die laer inkomstegroepe - baie Dowes het nie dieselfde bevorderingsgeleenthede as horendes nie juis as gevolg van kommunikasie- en gevolglike inligtingstekorte;
*Dowes sosialiseer veral rondom die kerk. As gevolg van die isolasie van Dowes binne die horende wêreld is Dowe gemeentes veel meer as net 'n kerk.
*Die Woord van God word in Gebaretaal (die amptelike 12de taal in SA) aan Dowes gebring.

**Deuroffers vir die Nasionale Instituut vir Dowes:**

*Bejaardesorg vir Dowes in 'n versorgingseenheid op Worcester;
*Residensiële versorging van volwasse Dowes met meervoudige gestremdhede (die enigste in Suid-Afrika en Afrika);
*Lewering van Gebaretaaldienste aan beide horende- en Dowe gemeenskappe om die gebruik van Gebaretaal te promofeer;
*Ondersteuning aan die Dowe Familie Kerk - Worcester, en die NGK De la Bat Bellville vir die geestelike versorging van Dowes.

**Deuroffers vir die Bediening aan Dowes:**

*Geestelike versorging van Dowes deur twee gemeentes (Dowe Familie Kerk - Worcester, en NGK De la Bat Bellville)
*Geestelike bediening aan die volgende groepe:
*Tans word omgesien na ongeveer 500 Dowe kinders;
*Leerders van De la Batskool vir Dowes op Worcester, en van Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha;
*51 Meervoudig-gestremde Dowe volwassenes in groepshuise, en 31 bejaarde Dowes in versorgingseenhede by NID Sorg;
*Dowes en persone met gehoorverlies vanuit die gemeenskap, asook baie van hul families.

**Verdere Spesiale Bydraes as volg aangewend:**

Addisionele befondsing tot versorging en steundienste aan Dowes en persone met gehoorverlies by NID soos reeds genoem.

*Baie dankie vir u omgee!*

Nasionale Instituut vir Dowes
nid@nid.org.za • Posbus 941, Worcester, 6849
www.nid.org.za • +27 (023) 110 0145

# 'N OOMBLIK *van stilte.*

## 'N TYD OM SAAM TE BID.



**Aan al ons graanprodusente in die Wes-Kaap**

Te midde van die uitdagings, onsekerhede en besige dae van die seisoen, wil ons graag 'n uitnodiging rig aan elke produsent:

## ELKE DAG OM 12:00

Neem 'n oomblik van *stilte.*

### KOM ONS STAAN SAAM IN GEBED VIR:

- Ons produsente en hulle gesinne
- Die seisoen en die gewasse op die land
- Gunstige weerstoestande
- Wysheid, krag en beskerming
- 'n Geseënde en goeie oes

**Waar jy ook al is** – op die land, in die trekker, by die huis of op kantoor –
*stop vir 'n oomblik, raak stil en bid saam.*

**Een minuut.**
**Een oomblik.**
**Een bedryf wat saamstaan.**

**Kom ons dink saam.**
**Kom ons bid saam.**
**Kom ons vertrou saam.**

GSA
GRAIN | GRAAN




Dare 4 Life

Die Marra-familie is geen onbekende in ons gemeente. Hulle stig Dare4Life en is in Wellington gevestig. Hulle ondersteun mense wat met sistiese fibrose, prostaatkanker, borskanker en Fuchs-distrofie gediagnoseer is.

# WINKEL-AKTIWITEIT

BOU JOU EIE WINKEL EN GENIET DIE INKOPIES.




**WAT'S INGESLUIT?**

- Kies jou items
- Maak slim keuses
- Betaal en ontvang
- Neem jou inkopies huis toe!



# Feetjie-AKTIWITEIT

BOU JOU EIE 'MAGIC' IN 'N BOKS.

Kom skep jou eie mini-feetjie-land vol voëltjies, diertjies, plantjies, geheime paadjies en 'n tikkie verbeelding!

*'n Kreatiewe en betowerende aktiwiteit vir groot en klein!*



# R150

PER AKTIWITEIT

BESPREEK VOORAF BY

## ANASTA
## 084 207 4639

OM JOU PLEK TE BEVESTIG.

BESKIKBAARHEID IS BEPERK.

WELLINGTON-NOORD KERKBASAAR

5 SEPTEMBER 2026

09:00

# KLEI-AKTIWITEIT

KOM BOU JOU-EIE

KLEI CUPCAKE EN PIZZA!



KREATIEWE PRET VIR ALLE OUDERDOMME!

- ALLES WORD VERSKAF!
- NET JOU VERBEELDING EN GOEIE HUMOR!
- MAMMA EN PAPPA MOET HELP MET DIE BOU.

# PLAAS-AKTIWITEIT

BOU JOU EIE PLAAS IN 'N BOKS!

Kom bou jou eie mini-plaas vol diertjies, plante, dammetjies en prettige elemente. Ideaal vir kinders en ouers om saam te geniet!



NED. GEREF. KERK
WELLINGTON-NOORD
Geloofsgemeenskap

# GEMEENTEKAMP 2026





Leeuwenboschfontein

**9-11 OKT 2026**

Kontak Hennie Cronjé
vir navrae en besprekings
082 774 4106



# Kom eet 'n vrolike Karoo-ontbyt by Wellington Noord se Basaar

Saterdag, 5 September

09:00-11:00

R100 p/p

Outydse boermeelpap met bruinsuiker

Romerige roereier met spekblokkies

Sappige boerewors

Tamatiesmoor

Heerlike roosterkoek met botter, konfyt en kaas

Warm Boeretroos (koffie)

Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor

021 873 2763

# 40 DAE

## Wellington 2026

Ons jaarlikse 40DAE reis wat ons saam met mekaar, sowel as Moedergemeente en Wellington-Oos begin volgende week.

- 40 Dae
- 6 Eredienste
- 6 Groepsbyeenkomste

Vra jou bure, vriende, mense in jou kompleks of dien dit as gesin saam.

Elke Dinsdagaand 18:30 of Woensdagoggend 09:30 word daar 'n groepsbyeenkoms in Konsistorie gehou.

Jy is baie welkom om daar in te skakel. Kom net!




## WAARDES VAN GESONDE GELOWIGES




# CHECKERS

## STICKY'S & MINIS

Het jy enige Checkers Sticky's & Minis wat iewers in 'n laai lê en wag vir 'n nuwe avontuur? Of dalk 'n hele versameling wat jy graag wil skenk vir die basaar? Maak iemand se dag én help die basaar terselfdertyd! Kontak die kerkkantoor of kom gooi laai dit af. Ons sal dit baie waardeer

NED. GEREF. KERK WELLINGTON-NOORD
*Geloofsgemeenskap*

## WIT OLIFANT TAFEL

met

KLEREKASMARK

## BASAAR

### 5 SEPTEMBER 2026

TWEEDEHANDSE GOEDERE

'N TWEEDE KLEREKAS

LEWER ASSEBLIEF AF BY DIE KERKKANTOOR.

KONTAKPERSOON:
WOUTER DE WET 084 446 0777

## KINDERTAFEL

Ons benodig asb die volgende

Spookasem
Lucky packets
Doughnuts
Kuns items
Speelgoed
Lekkergoed
Klei

Kontant bydraes vir die aktiwiteite

Put-Put
Gesigverf
DIY Plaas,feëtjie tuin,winkel
Klei aktiwiteite

Kontak gerus vir Anasta
084 207 4639

NATUURLIK IS ENIGE SKENKINGS WELKOM



ULT

ULTIMATE LASER TACTICAL

# LASER TAG

AKSIE. STRATEGIE.
IS JY REG VIR DIE UITDAGING?




**R20**
PER SPELER

AKSIEVOL PRET | SPEEL AS INDIVIDU | VEILIG & PROFESSIONEEL | SPANBOU EN PRET







**PLEK:**
## WELLINGTON-NOORD KERKBASAAR

**DATUM:**
5 SEPTEMBER 2026

**TYD:**
VANAF 09:00